**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 29 MEI 2025 OM 10:00**

**TEENWOORDIG:**

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd J M de Beer

**RAADSLEDE:**

Bess, D G (DA)
Booysen, A M (VF+)
Fortuin, C (ANC)
Gaika, M F (EFF)
Jooste, R J (DA)
Nel, M (DA)
Ngozi, M (ANC)
O'Kennedy, E C (DA)
Papier, J R (GOOD)
Penxa, B J (ANC)
Pieters, C (ANC)
Pypers, D C (DA)
Smit, N (DA)
Van Essen, T (DA)
Vermeulen, G (VF+)
Warnick, A K (DA)
Williams, A M (DA)
White, G E (PA)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

**1. OPENING**

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede, amptenare en lede van die publiek.

Rdl N Smit open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

Die Speaker dra sy seënwense, namens die Raad, oor aan raadslede en amptenare wat die afgelope tyd verjaar het. 'n Minuut van stilte word versoek vir raadslede en amptenare wat geliefdes aan die dood die afgelope tyd afgestaan het.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle I S le Minnie en P E Soldaka.

**3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS**

Geen.

**4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING**

4.1/...

4.1 **NOTULE VAN ‘N RAADSVERGADERING GEHOU OP 24 APRIL 2025**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl E C O’Kennedy, gesekondeer deur rdl B J Penxa)

Dat die notule van ‘n Gewone Raadsvergadering gehou op 24 April 2025 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

**5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

**5.1 NOTULE VAN ‘N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 16 APRIL 2025**
saamgelees met

**NOTULES VAN PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERINGS GEHOU OP 9 APRIL 2025**

**6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

**6.1 NOTULE VAN ‘N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 16 APRIL 2025**
**6.2 NOTULE VAN ‘N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 23 APRIL 2025**
**6.3 NOTULE VAN ‘N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 9 MAY 2025**

**7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen.

**8. SAKE VIR BESPREKING**

**8.1 2025 GEWYSIGDE GEïNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) EN AREAPLANNE (2/1/4/4/1)**

Die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) van ‘n munisipaliteit dien as die hoof strategiese plan wat handel met die mees kritieke ontwikkelingsbehoeftes in die munisipale area (eksterne fokus), sowel as die mees kritieke bestuursbehoeftes van die organisasie (interne fokus).

Die hersiening van die GOP en gepaardgaande proses word deur verskeie wetgewende vereistes gereël.

Rdl A M Booysen versoek dat daar in die GOP voorsiening gemaak moet word vir die beskikbaarstelling van alternatiewe behuising vir persone wat onregmatig uitgesit word om te voldoen aan die wetgewende vereistes en soos ondersteun deur SALGA.

Die Munisipale Bestuurder noem dat dit ‘n belangrike aangeleentheid is om te oorweeg, maar gegewe die groot aantal persone op die waglys, kan daar nie vir alternatiewe behuising voorsiening gemaak word vir persone wat by wyse van ‘n uitsettingsbevel geraak word nie, aangesien dit as “queue jumping” beskou sal word.

In toekomstige behuisingsprojekte word daar voorsiening gemaak vir verskeie grondgebruike vir bv. institusionele ontwikkelings.

[Nota: Rdl B J Penxa noem dat die kommentaar op die GOP en Begroting vanaf die ANC-koukus op dieselfde dag as die sluitingsdatum aangestuur was, maar ná die vasgestelde tyd van 12:00.]

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word die goedkeuring van die 2025 gewysigde GOP beslis (in die afwesigheid van twee raadslede) met 14 stemme ten gunste daarvan en sewe raadslede wat buite stemming bly.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

(a) Dat die 2025 Gewysigde Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) vir die Swartland munisipale gebied, sowel as die vyf Areaplanne vir 2025/2026 goedgekeur word in terme van Hoofstuk 5 van die Wet op Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000;

(b) Dat die kommentaar/insette wat teen 30 April 2025 om 12:00 ontvang is, die SIME kommentaar, insette ontvang tydens die Burgemeester Raadgewende Forumvergadering gehou op 16 April 2025 asook ander publieke kommentaar, deeglik oorweeg is en hanteer word ooreenkomstig **AANHANGSELS 3 en 4;**

(c) Dat die wetlike proses, soos voorgeskryf in die Wet op Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 en die Munisipale Begroting- en Verslagdoeningregulasies, 2009, afgehandel word na goedkeuring van die GOP deur die Raad.

## 8.2 WYSIGING VAN MUNISIPALE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK (ROR) (15/1/4/1)

Die wysiging van die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) het ten doel om die Kapitaaluitgawe-Raamwerk in te sluit en veranderinge aan die stedelike randgebiede en grondgebruikvoorstelle vir die dorpe Malmesbury, Darling en Riebeek Kasteel aan te bring.

Rdl B J Penxa verneem na die moontlikheid om die GAP-behuising nie aangrensend tot die laekoste-behuisingsprojek in De Hoop te vestig nie, weens die blootstelling aan kriminele elemente.

Mnr A M Zaayman noem dat die Munisipaliteit geïntegreerde beplanning ondersteun en gee ‘n aanduiding waar die ± 300 GAP-behuisingsgeleenthede in De Hoop beplan word.

Die aanneming van die gewysigde ROR ingevolge artikel 7(3) van die Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020) word deur die Speaker tot stemming gebring, en

**BESLUIT EENPARIG**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat die Raad die wysigings van die Swartland Munisipaliteit: Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) vir die dorpe Malmesbury, Darling en Riebeek Kasteel, met inbegrip van die Kapitaaluitgawe-Raamwerk, ingevolge artikel 7(3) van die Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020) aanneem, onderhewig aan die volgende:

(a) Die Raad moet binne 14 dae vanaf besluitneming in die media en die Provinsiale Koerant kennis gee van die besluit;

(b) Alle kommentaar van persone/instansies wat deelgeneem het aan die publieke deelname proses deeglik oorweeg is en waar nodig die toepaslike aanpassings gemaak is, en dat die Raad se besluit en reaksie dienooreenkomstig gekommunikeer word;

(c) Alle toekomstige ontwikkelingsaansoeke aan die beginsels van die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk oorweeg en evalueer sal word;

(d) Aksieplanne jaarliks uit die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk na die GOP-proses vir befondsing verwys word;

(e) Spesiale pogings jaarliks aangewend sal word ten einde uitvoering aan aksieplanne in die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk te gee;

(f) Dat hierdie wysiging tans geen voorstel maak rakende ’n alternatiewe toegang vanaf Riebeek Kasteel, oos van die spoorlyn na die R46 nie;

(g) Dat hierdie wysiging wel die stedelike rand aanpassing by Riverlands akkommodeer soos ontvang tydens die publieke deelname proses;

(h) Die finale kaarte vir Malmesbury, Darling, Riebeek Kasteel en Riverlands ingesluit word by die gewysigde Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk: 2023-2027.

**8.3 GOEDKEURING VAN DIE FINALE MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFS-BEGROTINGS, FINALE BEGROTINGS- EN VERWANTE BELEIDE, EIENDOMS-BELASTING, TARIEWE EN ANDER HEFFINGS VIR 2025/2026, 2026/2027 EN 2027/2028 (5/1/1/1, 5/1/1/2)**

Die Speaker gee geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas, om sy vierde Begrotingsrede (*State of the Municipal Address*) as Uitvoerende Burgemeester van die Swartland Munisipale Raad te lewer (sien aangeheg vir volledigheidshalwe).

Die Uitvoerende Burgemeester noem, as inleiding tot die Begrotingsrede, dat 'n begroting aangebied word wat Swartland Munisipaliteit se gedeelde verbintenis tot verantwoordelike bestuur, ekonomiese veerkragtigheid en inklusiewe groei weerspieël, en word daar uitgebrei op die volgende vier fokusareas –
(1) Investering in infrastruktuur om 'n volhoubare toekoms te verseker;
(2) Betekenisvolle aanspreek van behuisingsbehoeftes;
(3) Veiligheid, wat 'n absolute gedeelde prioriteit bly;
(4) Investering in gemeenskappe deur sosiale agteruitgang aan te spreek.

Die Uitvoerende Burgemeester, met verwysing na Artikel 23 van die Plaaslike Regering: Wet op Munispale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA), bevestig dat daar deeglike oorweging verleen is aan die insette wat ontvang is gedurende die publieke deelname proses.

Die goedkeuring van die meerjarige kapitaal- en bedryfsbegrotings, gewysigde begrotingsverwante beleide, heffing van eiendomsbelasting, tariewe en ander heffings vir 2025/2026, 2026/2027 en 2027/2028 word tot stemming gebring en beslis (in die afwesigheid van twee raadslede) met 13 raadslede ten gunste daarvan en agt raadslede wat buite stemming bly.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

(a) Dat, nadat alle insette **(Annexure A, Inputs received on Draft Budget)** wat ontvang is teen 30 April 2025, deeglik oorweeg is, ingesluit die insette ontvang tydens die Burgemeester Raadgewende Forumvergadering gehou op 16 April 2025, word die volgende wysigings aan die voorgestelde finale begroting te weeg gebring:
  (i) Die korting van R300 0000 verhoog na R400 000;

(ii) Verhoogde finansiële bystand aan geregistreerde bejaardesorg fasiliteite in die Swartland deur hul waterheffings te verminder;

(iii) Verhoging in die inkomstedrempel vir kwalifiserende deernishuishoudings na R4 660.00;

(iv) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste gemagtig word om die ±R2 miljoen in addisionele uitgawes te finansier om aan voormelde uitvoering te gee;

(v) Dat die Raad die finale wysigings aan die Deernis-, Munisipale Eiendomsbelasting-, Finansiering en Reserwe- en die Begroting-implementering en Monitering Beleide, wat te weeg gebring is deur die versoeke/insette tydens die vergadering op 16 April 2025 en/of ander insette, saamgelees met die aanbeveling onder paragraaf (r);

(vi) Dat die Rampbestuur en Brandweer- en Nooddienste Departement se kapasiteit met twee addisionele sleutel aanstellings uitgebrei word;

(b) Dat die Raad die insette ontvang vanaf die Provinsiale Tesourie (SIME-verslag) oorweeg, spesifiek insake die versigting deur Provinsie ten opsigte van die beplande verminderde surplusse oor die buitejare wat nie in lyn is met die Raad se historiese prestasie nie, met potensiële impak op toekomstige volhoubaarheid **(Annexure A, Inputs received on Draft Budget)**;

(c) Dat geen verdere wysigings aan die Raad se MTREF oorweeg word nie, gegewe die Raad se langtermyn visie om 'n hoë standaard van dienslewering te verseker en die behoefte aan groot beleggings in water- en rioolinfrastruktuur wat in jaar 3 'n aanvang neem, sonder om enige addisionele druk te plaas op die betalende publiek. Hierdie siening stem ooreen met PT se analise van die konsepbegroting, wat die munisipaliteit waarsku om die impak van die beplande verminderde toekomstige surplusse in die buite-jare te oorweeg, aangesien dit 'n impak kan hê op toekomstige investering in infrastruktuur en uiteindelik finansiële volhoubaarheid **(Annexure A, Inputs received on Draft Budget)**;

(d) Dat die Raad kennis neem dat die koste soos beoog deur Artikel 19 (2)(a)(b) verkry is na konsultasie met die onderskeie direkteur(e) wie die koste bevestig het soos per **(Annexure B: 2025/2026 – 2027/2028 Final Budget and Tariff File)** en oorweeg dieselfde;

(e) Dat die Raad voor die goedkeuring van die kapitaal projekte bo R 50 miljoen soos gelys in **(Annexure C: 2025/2026 – 2027/2028 Capital Projects ito Sec 19)**, eers die geprojekteerde koste wat alle finansiële jare dek totdat die projek in werking is; en die toekomstige bedryfskoste en inkomste op die projek, met inbegrip van belasting- en tarief-implikasies oorweeg;

(f) Dat die Raad dit toepaslik geag het om die totale kapitaalprogram te oorweeg, uitgesluit die 4 individuele projekte bo R 50 miljoen aangesien die voorgenoemde kapitaalprogram se operasionele koste, insluitend die toekomstige koste wat gedek sal word deur belasting en die normale kostesentrums soos in die bedryfsbegroting;

(g) Dat die Raad goedkeuring verleen vir die bykomende R5.1 miljoen vir die sekuriteitsmuur by die Highlands Stortingsterrein, aangesien die aanvanklike kosteberaming gedurende Augustus 2024 op 'n 2.4 hoë beton-palisade-muur van R 4.5 miljoen gedoen was met gepaardgaande impak op hoër instandhouding- en sekuriteitskoste vir die bedryfsrekening, wat die kostes op R 9.6 miljoen meebring. Dat die Raad kennis neem dat die finansiëringsbron deur middel van 'n eksterne lening vir die Nuwe Sel by die Highlands Stortingsterrein vervang word deur CRR-finansiering;

(h) Dat die Raad die befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die raad se kapitaalprogram en daarop let dat die befondsingsbronne beskikbaar is en nie vir ander doeleindes geoormerk is nie;

| FINANCING SOURCES | FINAL BUDGET 2025/26 | FINAL BUDGET 2026/27 | FINAL BUDGET 2027/28 |
|---|---|---|---|
| Capital Replacement Reserve (CRR) | R 143 511 923 | R 138 083 611 | R 156 818 041 |
| External Loans | R 30 000 000 | R - | R - |
| Municipal Infrastructure Grant (MIG) | R 25 405 000 | R 27 293 000 | R 28 388 000 |
| Dept. of Infrastructure | R 58 112 132 | R 38 657 000 | R 103 110 672 |
| Integrated National Electrification Programme (INEP) | R 17 821 124 | R 20 868 000 | R 21 811 000 |
| Water Services Infrastructure Grant | R 17 044 000 | R - | R - |
| Regional Socio-economic Projects | R 78 261 | R - | R - |
| Fire Service Capacity Support Grant | R 478 261 | R - | R - |
| Water Resiliance Grant | R 1 304 348 | R - | R - |
| Dept. Cultural Affairs and Sport | R 43 478 | R 43 478 | R 43 478 |
| | | | |
| GRAND TOTAL | R 293 798 527 | R 224 945 089 | R 310 171 191 |

(i) Dat die Raad die kapitaalprojekte as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos per **(Annexure B: 2025/2026 – 2027/2028 Final Budget and Tariff File)**;

(j) Dat die Raad goedkeuring verleen vir die opneem van 'n eksterne lening tot ‘n bedrag van R 30 miljoen vir die nuwe 2025/26 MTREF, vir die gedeeltelike finansiering van die 132/11kV Eskom Schoonspruit Substation kapitaalprojek, deur die mark te toets by wyse van die inwin van tenders vanaf die finansiële instellings soos beoog in artikel 46 van die MFMA;

(k) Dat die volgende totale uitgawes per departement (per direktoraat) goedgekeur word, wat insluit beide bedryfs- en kapitale uitgawes per direktoraat (VOTE), ten einde departemente in staat te stel om pro-aktief ongemagtigde uitgawes te voorkom;

| 2025/26 MTREF | Capital Expenditure by Vote | | | Operating Expenditure by Vote | | | Total Expenditure by Vote | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| R thousands | 2025/26 | 2026/27 | 2027/28 | 2025/26 | 2026/27 | 2027/28 | 2025/26 | 2026/27 | 2027/28 |
| Vote 1 - Corporate Services | 573 | 575 | 577 | 49 233 | 52 164 | 55 536 | 49 807 | 52 739 | 56 113 |
| Vote 2 - Civil Services | 143 991 | 116 213 | 145 139 | 431 330 | 451 042 | 472 550 | 575 321 | 567 255 | 617 690 |
| Vote 3 - Council | 12 | 12 | 12 | 25 469 | 26 504 | 27 629 | 25 481 | 26 516 | 27 641 |
| Vote 4 - Electricity Services | 88 166 | 62 174 | 59 942 | 559 645 | 599 564 | 643 261 | 647 810 | 661 737 | 703 203 |
| Vote 5 - Financial Services | 168 | 76 | 672 | 84 577 | 90 928 | 97 432 | 84 745 | 91 003 | 98 104 |
| Vote 6 - Development Services | 59 076 | 44 747 | 103 205 | 172 555 | 212 688 | 170 291 | 231 632 | 257 435 | 273 496 |
| Vote 7 - Municipal Manager | 12 | 12 | 12 | 11 298 | 11 910 | 12 679 | 11 310 | 11 922 | 12 691 |
| Vote 8 - Protection Services | 1 800 | 1 136 | 612 | 124 701 | 131 430 | 138 699 | 126 501 | 132 566 | 139 311 |
| Grand Total | 293 799 | 224 945 | 310 171 | 1 458 809 | 1 576 229 | 1 618 077 | 1 752 608 | 1 801 174 | 1 928 248 |

(l) Dat die finale hoë-vlak meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegrotings ten opsigte van die **2025/2026 – 2027/2028** finansiële jare goedgekeur word as finaal, in ooreenstemming met artikel 16, 17 en 19;

8.3/(l)/...

| | Oorspronklike Begroting 2024/25 | Aansuiwerings begroting 2024/25 | Finale Begroting 2025/26 | Finale Begroting 2026/27 | Finale Begroting 2027/28 |
|---|---|---|---|---|---|
| Kapitaalbegroting | 376 477 670 | 325 809 079 | 293 798 527 | 224 945 089 | 310 171 191 |
| Bedryfsuitgawes | 1 189 045 717 | 1 210 970 777 | 1 458 809 231 | 1 576 228 890 | 1 618 076 969 |
| Bedryfsinkomste | 1 458 996 894 | 1 485 060 204 | 1 606 490 727 | 1 676 968 153 | 1 777 306 422 |
| **Begrote (Surplus)/ Tekort** | **(269 951 177)** | **(274 089 427)** | **(147 681 496)** | **(100 739 263)** | **(159 229 452)** |
| Minus: Kapitaal Toekennings & Donasies | 246 062 275 | 247 277 010 | 120 565 734 | 86 861 478 | 153 353 150 |
| **(Surplus)/ Tekort** | **(23 888 902)** | **(26 812 417)** | **(27 115 762)** | **(13 877 785)** | **(5 876 302)** |

(m) Dat daar goedkeuring verleen word vir die kennisgewing ingevolge artikel 14(1) en (2) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 ten opsigte van die heffing van finale eiendomsbelastingkoerse (sent in die randbedrag), vrystellings en afslag op eiendomme soos gespesifiseer in die onderstaande skedule en in die eiendomsbelastingbeleid vir die 2025/2026 finansiële jaar;

| ***Category of property*** | ***Rate ratio*** | ***Cent amount in the Rand rate determined for the relevant property category*** |
|---|---|---|
| *Residential properties* | *1: 1* | *0.005623* |
| *Business and Commercial properties* | *1: 1,6671* | *0.009374* |
| *Industrial properties* | *1: 1,6671* | *0.009374* |
| *Agricultural properties* | *1: 0,25* | *0.001406* |
| *Mining properties* | *1: 1,6671* | *0.009374* |
| *Public Service Infrastructure* | *1: 0,25* | *0.001406* |
| *Properties owned by an organ of state and used for public service purposes* | *1: 1,6671* | *0.009374* |
| *Public Benefit Organisations* | *1: 0* | *0.000000* |
| *Vacant properties* | *1: 1,4965* | *0.008415* |
| *Municipal properties* | *1: 0* | *0.000000* |
| *Conservation Areas* | *1: 0* | *0.000000* |
| *Protected Areas* | *1: 0* | *0.000000* |
| *National Monuments* | *1: 0* | *0.000000* |
| *Informal Settlements* | *1: 0* | *0.000000* |

***Exemptions and Reductions***

- ***Residential Properties:*** *For all residential properties, the municipality will not levy a rate on the first R15 000 of the property's market value. The R15 000 is the statutory impermissible rate as per section 17(1)(h) of the Municipal Property Rates Act.*

***Rebates in respect of a category of owners of property are as follows:***

- ***Indigent owners****: 100 per cent rebate will be granted to registered indigents in terms of the Indigent Policy to a maximum valuation of R105 000;*

- ***Qualifying senior citizens, qualifying Indigent owners and disabled persons****: A rebate to an amount equal to the rates payable on the first amount of the valuation of such property to a limit of R300 000. The rebate will increase to R400 000 as it relates to the 2025/2026 policy effective for the 2026/2027 financial year.*

***NB:*** *Please refer to the municipality's property rates policy in respect of all rebates offered.*

(n) Dat die Raad die eiendomsbelastingkoerse, tariefstrukture en heffings vir water, vullisverwydering, riool, elektrisiteit en ander diverse heffings soos uiteengesit in **(Annexure B: 2025/2026 – 2027/2028 Final Budget and Tariff File)** goedkeur as finaal;

(o) Dat die Raad die elektrisiteitstariewe vir die 2025/2026 finansiële jaar goedkeur, **met inagneming dat dit onderhewig is aan NERSA se evaluering**;

(p) Dat die infasering van die herstruktureerde elektrisiteitstariewe, soos per die koste van voorsieningstudie, beplan word vir implementering in 2026/27;

(q) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit is in **(Annexure D: Budget Report and A-Schedules 2025/2026 – 2027/2028)** goedgekeur word;

(r) Dat die **wysigings** aan die begrotings- en verwante beleide soos vervat in **(Annexure E: Final Amended Budget & Related Policies 2025/2026)**, goedgekeur word as finaal;

(s) Dat die Raad kennis neem dat enige wysigings aan die begrotingsverwante beleide ten opsigte van delegasies na afloop van die goedkeuring van die finale begroting sal plaasvind;

(t) Dat die opleidingsbegroting van R 1 782 533 vir die 2025/2026 finansiële jaar as finaal goedgekeur word;

(u) Dat die Raad kennis neem dat die verhogings vir die Direkteure kontraktueel gekoppel is aan die ander personeel wat op nasionale vlak onderhandel en bepaal word:

- Ten opsigte van alle personeel, 'n verhoging van **5.01%** vir 2025/2026; **5.25%** vir die 2026/2027 en **5.75%** vir 2027/2028 finansiële jare, uitgesluit die toename in ander voordele wat van toepassing is en die jaarlikse 2,415% kerfverhoging waar van toepassing;

- Daar is voldoende begroot vir alle salarisaanpassings;

- Voorsiening is gemaak vir 'n **3%** verhoging vir politieke ampsbekleërs wat val binne die middelband van die inflasieteikens soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB).

(v) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfssurplusse en dat die begroting "kontant gefinansier" word as gevolg van die kontantreserwes in tabel A8, die totale groei in uitgawes van **20.5%** vanaf die huidige na die nuwe finansiële jaar en die inkomstebronne met 'n groei in inkomste van **8.2%** vir die MTREF periode, sowel as die kontantvloei-staat soos per **(A-schedule: A7)** vir die volgende drie finansiële jare;

- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **9.2 maande** vir 2025/26, **8.9 maande** vir 2026/27 en **8.9 maande** vir 2027/28;

- die netto bedryfsurplusse, **uitgesluit kapitale toekennings**, verminder teenoor die konsepbegroting as gevolg van allokassies vanaf die Provinsiale Departement van Infrastruktuur vir Geproklameerde paaie waarvoor die munisipaliteit 20% moet bydrae;

- oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so 'n aard dat die verwagte netto bedryfsurplusse **(kapitale toekennings uitgesluit)** vir 2025/26, 'n bedrag van **R 27 115 762**, vir 2026/27 'n bedrag van **R 13 877 785** en vir 2027/28 'n bedrag van **R 5 876 302** beloop, wat **vêr onder die NT riglyn is van minstens 'n 5%** surplus. (Op hierdie stadium is dit gepas om te beklemtoon dat die bogenoemde netto surplusse die meer gepaste meting van begrote surplusse/tekorte vanuit 'n begrote kontantvloei-perspektief is.)

(w) Dat die Raad kennis neem dat die omvattende inkomstemodelleringsoefening ‘n proporsie insluit vir groei, gegewe die tendens van verhoogde huishoudelike verbruik en groei in dienste aansluitings;

(x) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(y) Dat die Raad kennis neem dat die 2025/26 MTREF toekenning allokasies **(gelys in Annexure D)** soos ingesluit by die begroting, rekonsilieer met die PT Provinsiale Koerant gedateer 26 Maart 2025 en die NT DORA wat heruitgereik is laat op 21 Mei 2025;

(z) Dat die Raad kennis neem dat die begroting opgestel is in die nuwe mSCOA Weergawe 6.9 soos vereis deur Nasionale Tesourie.

[Nota: Vir die volledigheid en implementering, sal daar op die Engelse-weergawe van die besluit staat gemaak word.]

**8.4 AANVAARDING VAN DIE TARIEFVERORDENING (1/1)**

Die konsep Tariefverordening het op 31 Maart 2025 voor die Raad gedien en is goedkeuring verleen om die publieke deelname proses te deurloop. Geen insette/kommentaar is daarop ontvang teen die sperdatum van 9 Mei 2025 nie.

Die aanvaarding van die Tariefverordering word deur die Speaker tot stemming gebring en beslis met twaalf raadslede ten gunste daarvan en die res wat buite stemming bly.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat die Swartland Munisipaliteit: Tariefverordening deur die Raad aanvaar word vir afkondiging in die Provinsiale Koerant om met ingang van 1 Julie 2025 in werking te tree;

(b) Dat boetes vir oortredings van die verordening vasgestel word deur die Departement van Justisie.

**8.5 SWARTLAND MUNISIPALITEIT: HULPTOEKENNINGSBELEID (12/2/5/2-9/2)**

Artikel 67 van die Plaaslike Regering: Munispale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) bevat die vereistes vir die oordrag van fondse aan organisasies en liggame buite enige regeringsfeer.

Die implementering en toepassing van die Hulptoekenningsbeleid verseker dat fondse slegs oorgedra word na bevestiging van voldoening aan al die relevante wetgewende vereistes en die deurloop van die nodige goedkeuringsprosesse.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat kennis geneem word van die gewysigde Hulptoekenningsbeleid, om gelees te word binne die konteks van MFMA Omsendbrief Nr. 131 van Nasionale Tesourie.

**8.6 AANBEVELING VIR DIE GOEDKEURING VAN DIE ORGANISATORIESE STRUKTUUR MET IN AG NEMING VAN WYSIGINGS AAN BESKERMINGSDIENSTE (2/6)**

Artikel 66 van die Munisipale Stelsels Wysigingswet, 2011 bepaal dat die organisatoriese struktuur deur die Munisipale Bestuurder goedgekeur moet word.

Die verslag tot die sakelys bevat die voorgestelde wysigings en motiverings vir die skep van die onderskeie poste in die Direktoraat Beskermingsdienste wat tydens ‘n vergadering van die Plaaslike Arbeidsforum gehou op 22 Mei 2025 oorweeg is vir voorlegging aan die Raad.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat die Raad kennis neem dat die wysigings aanbeveel is deur die Plaaslike Arbeidsforumvergadering gehou op 22 Mei 2025;

(b) Dat die Raad die wysigings aan die organisatoriese struktuur vir die direktoraat Beskermingsdienste goedkeur vir implementering met ingang van 1 Julie 2025;

**8.7 HERSIENING VAN STELSEL VAN DELEGASIES (2/5/1, 2/5/2)**

Artikel 59 van die Munisipale Stelselswet bepaal dat 'n Raad 'n Stelsel van Delegasies (SOD) moet ontwikkeling en onderhou wat administratiewe en operasionele doeltreffendheid optimaliseer.

Die aanhangsels tot die sakelys behels die vierde hersiening van die Stelsel van Delegasies wat op 16 November 2021 deur die Raad aanvaar is.

Die voorgestelde hersiening van die SOD is tydens ‘n Uitvoerende Burgemeesters-komiteevergadering gehou op 21 Mei 2025 oorweeg vir aanbeveling aan die Raad.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D C Pypers)

(a) Dat die voorgestelde wysigings aan die Raad se Stelsel van Delegasie (4$^{de}$ hersiening) soos vervat in Aanhangsels B en C goedgekeur word, en daar kennis geneem word van veranderinge aan posbenamings en posbekleërs met verwysing na Aanhangsel A;

(b) Dat kennis geneem word van die wysigings aan die Stelsels van Delegasie van die Uitvoerende Burgemeester, die Munisipale Bestuurder en die Hoof Finansiële Beampte met verwysing na Aanhangsel A;

(c) Dat kennis geneem word dat geen wysigings aangebring is aan die Artikel 53 Roluitklaring vir politieke strukture, politieke ampsbekleërs en die Munisipale Bestuurder nie, welke dokument deel uitmaak van die Stelsel van Delegasie;

(d) Dat goedkeuring verleen word deur die Raad dat sy Stelsel van Delegasie aangepas word om voorsiening te maak vir veranderde/nuwe delegasies wat mag voortspruit uit wysiging van die begrotingsverwante beleide soos behandel elders in die sakelys, vir implementering met onmiddellike effek.

**8.8 BRANDSTOF AANKOPE: ONREëLMATIGE UITGAWES SOOS GEïDENTIFISEER DEUR DIE OUDITEUR-GENERAAL GEDURENDE DIE REGULERENDE 2023/2024 OUDIT (5/15/1/2)**

Gedurende die 2023/2024 eksterne oudit was daar ‘n steekproef deur die Ouditeur-Generaal gedoen van die aankope van brandstof by verskeie diensstasies. Daar is bevind dat brandstof vanaf diensstasies aangekoop word wat nie by wyse van die Voorsieningkanaalbestuursproses as diensverskaffer van die Munisipaliteit aangestel is nie, en wat gevolglik nie afslag op diesel aanbied nie. Die Munisipaliteit was egter onder die indruk dat hierdie aankope by wyse van die goedgekeurde banktender mag geskied.

Die Ouditeur-Generaal het egter die standpunt ingeneem dat die Bank bloot 'n kanaal vir verkryging is, en nie die diensverskaffer self nie. Die uitgawe word dus as onreëlmatig beskou.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdl R Jooste)

(a) Dat die onreëlmatige uitgawe van R711 424.57 as 'n uitgawe in die finansiële state behou word, aangesien geen verliese gelei is nie, en dat die bykomende bedrag van R344 929.15 vir die 2024/2025 finansiële jaar bygevoeg en korrek ingesluit word in die finansiële state vir die betrokke finansiële jaar;

(b) Dat die aanbevelings van die Ouditeur-generaal om alle gebruikers weer bewus te maak van die vereistes reeds geïmplementeer is;

(c) Dat daar reeds geadverteer is vir die nuwe tender vir brandstof wat vanaf 1 Julie 2025 in plek sal wees;

(d) Dat die Raad goedkeuring verleen vir die afskrywing van die onreëlmatige uitgawe van R1 056 353.72, aangesien die onreëlmatige uitgawe binne die normale operasionele vereistes aangegaan is, sonder dat bedrog deur die Ouditeur-Generaal of die Direkteur: Finansiële Dienste geïdentifiseer is, en dat geen verdere ondersoeke nodig is nie.

**8.9 DIENSTE VANAF TELKOM: ONREëLMATIGE UITGAWES SOOS GEïDENTIFISEER DEUR DIE OUDITEUR-GENERAAL GEDURENDE DIE REGULERENDE 2023/2024 OUDIT (5/15/1/2)**

Die ouditbevinding deur die Ouditeur-Generaal behels dat die Munisipaliteit uitgawes aangegaan het vir telekommunikasiedienste wat deur Telkom verskaf is, onder die aanname dat Telkom 'n staatsbeheerde entiteit is en Artikel 110(2) van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) dus toegepas is.

Telkom het egter in 2018 vanaf 'n staatsbeheerde entiteit na 'n private maatskappy oorgeskakel. 'n Formele verkrygingsproses moet dus gevolg word om 'n diensverskaffer vir telekommunikasiedienste aan te stel.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdl A M Williams)

(a) Dat die onreëlmatige uitgawe van R4 259 577.68 as 'n uitgawe in die finansiële state behou word, aangesien geen verliese gelei is nie, en dat die bykomende bedrag van R544 181.35 vir die 2024/2025 finansiële jaar bygevoeg en korrek ingesluit word in die finansiële state vir die betrokke finansiële jaar;

(b) Dat die gebruikersdepartement en amptenare binne die operasionele vereistes van die Munisipaliteit opgetree het om die betrokke diens aan die gemeenskap te lewer en dat die onreëlmatige uitgawe nie te wyte is aan opsetlike of growwe nalatigheid of as gevolg van bedrog of ander opsetlike oneerlikheid is nie;

(c) Dat die Ouditeur-Generaal nie enige bedrog met betrekking tot die transaksies gevind het nie;

(d) Dat die Raad goedkeuring verleen vir die afskrywing van die onreëlmatige uitgawe van R4 803 759.03, aangesien die amptenare te goeder trou opgetree het en die Munisipaliteit geen verliese gelei het nie en dat geen verdere stappe deur die gebruikersdepartement met betrekking tot hierdie saak geneem kan word nie;

(e) Dat geen verdere ondersoeke met betrekking tot hierdie aangeleentheid nodig geag word nie.

**8.10 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN MUNISIPALE ONROERENDE EIENDOM, ONDERVERDEELDE ERF 2386, GELEë TUSSEN JAKARANDA- EN JAPONIKA-STRAAT, MALMESBURY VIR RESIDENSIëLE DOELEINDES (12/2/5/2-8/5)**

Erf 2386 (groot 1237 m²), geleë tussen Jakaranda- en Japonikastraat, Malmesbury is in 2023 in vier gedeeltes onderverdeel om ‘n geleentheid te skep aan eerste huiseienaars om eiendom te bekom.

Die verslag het ten doel om die Raad se goedkeuring te verkry vir die verkoop van die betrokke eiendomme (slegs aan natuurlike persone) deur middel van ‘n openbare tenderproses teen die voorgestelde reserwepryse wat as ‘n billike markwaarde beskou word.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl E C O’Kennedy)

(a) Dat, ingevolge Artikel 14 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet (Wet 56 van 2003), die Raad bevestig en besluit:

(b) Dat die onderwerp eiendomme vir residensiële doeleindes geïdentifiseer is in terme van die sonering daarvan, en nie benodig word om die minimum vlak van basiese dienste te voorsien nie; en

(c) Dat die billike markwaarde van die bates en die ekonomiese en gemeenskapswaarde wat vir die bates ontvang moet word, oorweeg is;

(d) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen in terme van Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 en die toepaslike verordening dat finansiële aanbiedinge by wyse van openbare tender versoek word vir die vervreemding van die volgende ongeregistreerde erwe, geleë in Jakaranda-/Japonikastraat, Malmesbury teen die reserwepryse soos aangetoon as synde billike markwaarde vir die eiendomme:
   (i) Erf 14205: R114 500.00 BTW uitgesluit
   (ii) Erf 14206: R114 500.00 BTW uitgesluit
   (iii) Erf 14207: R114 500.00 BTW uitgesluit
   (iv) Rem/2386: R114 500.00 BTW uitgesluit

(e) Dat die eiendomme voetstoots vir vervreemding beskikbaar gestel word aan eerste huiseienaars, beperk tot natuurlike persone;

(f) Dat die voorneme van die Raad om die eiendom by wyse van publieke mededinging te koop aan te bied, vir kommentaar en/of besware geadverteer word;

(g) Dat volmag verleen word:
   aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om:
   (i) te handel met enige kommentaar en/of beswaar wat in verband met die voorgenome transaksies ontvang word; en om
   (ii) ‘n besluit te finaliseer rakende die oordrag van die bates, nadat alle toepaslike Voorsieningskanaal- en ander wetlike voorskrifte gevolg is;
   aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om die voorwaardes van verkoop vir tenderdoeleindes te finaliseer in oorlegpleging met al die tersaaklike interne rolspelers;

(h) Dat goedkeuring verder verleen word dat indien enige van of al bogemelde eiendomme onverkoop bly na afloop van die betrokke mededingende proses, dit uit-die-hand-uit op ‘n ‘first come first served’ basis verkoop mag word teen die reserweprys of hoër, mits die reserweprys ooreenstem met billike markwaarde (gebaseer op die munisipale waardasie van die eiendom/eiendomme op die stadium van vervreemding), en met dien verstande verder dat die Munisipaliteit sy voorneme om die eiendom/eiendomme vanaf ‘n gegewe datum uit-die-hand-uit te verkoop, bekend sal maak.

**GETEKEN:**
**SPEAKER**